
1. Gideons: (Deuroffer) Bid vir hierdie instansie wat Bybels, die Goeie Nuus, (bv. in skole gevangenisse, gastehuise en hotelle) versprei. Bid vir die verteenwoordigers in ons gemeente.
2. Die droogte in ons streek raak kritiek. Bid steeds dat die Here goeie deurdringende reëns sal gee.
3. Bid dat daar vordering gemaak sal word met opregte vredesame-sprekinge in die Midde-Ooste.
4. Die vakansie is verby. Bid dat elkeen wat spanning ervaar in hierdie laaste kwartaal (eksamens, werksdruk, belangrike lewens-veranderende keuses, persoonlike omstandighede), die kommer vir God sal gee. 1 Pet 5:7
5. Bid die Woord: "die Here julle God gaan saam met julle....". (Deut31:6) Bid teen angstigheid in ons lewens.

**DANKIE:**

- Dat ons kan terugkyk en U hand van seën, genade en liefde erken in ons lewens. Lees Ps. 16: 5-11.
- Dat U ons seën, sodat ons ander kan seën / tot seën kan wees.




**GEBEDSUITDAGING VIR DIE WEEK:**

Slegs dit wat jy in Jesus se hand sit kan Hy verander – As dit nie in Sy hande is nie, dan is dit in verkeerde hande.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan elkeen wat in die week vanaf 12 tot 18 Okt verjaar:

**So 12**

Elize Odendaal
Marna Scholtz

**Ma 13**

Carel Jacobs
Dennis Muller
Pieter Roux

**Di 14**

Jandrew Barnard
Arthur jnr Cockcroft




**Wo 15**

Hilda Steyn
Marie Swart
Johan Uys

**Do 16**

Essie Albertse
Marcelle Byleveld

**Vr 17**

Annette Lane
Suzanne Schreuder
Salomie Young

**Sa 18**

Malan Barnard
Ena Briers

Stuur 'n whatsapp na 082 3 45 456 of 'n epos aan ngouteniqua@gmail.com met: Jou naam/die maand wat jy verkies/ bewoording van die boodskap.

Besighede is ook welkom om 'n bladsy te borg.

Dankie - Januarie, September en Oktober 2026 is reeds geborg.

## ONS VERWELKOM NUWE LIDMATE....

Vanaf NGK De Bruinpark, Ermelo: Erhard en Christelle Prinsloo.

Ons hoop dat julle 'n ware geestelike tuiste sal vind in Outeniqualand.

## SOMERBASAAR 18 Desember 2025

Die 1ste Basaarvergadering is op Woensdag 22 Oktober om 17:00 in die kerksaal te Sinksabrug. Alle lidmate is baie welkom.

**Nuwe idees en insette is altyd welkom!!**

As jy net eers wil kom luister, is jy ook welkom. Ons sal jou nie dwing om iets te doen waarvoor jy nie kans sien nie.

Ons het elke lidmaat se bereidwilligheid, gawes en talente nodig om die Somerbasaar weer 'n reuse sukses te maak.

As jy nie die vergadering kan bywoon nie, kan jy die Familienuus dophou vir plekke waar jy betrokke kan raak.

## SNUFFELGIDS

Die Snuffelgids gaan nie meer in die Familienuus verskyn nie.

## SONDAG 26 OKTOBER

Na afloop van die Nagmaaldiens gaan ons lekker saam kuier en braai onder die bome op die kerkterrein. Ons voorsien tafels, kole en braaidromme (daar sal stoele ook wees). Bring asb. jou eie kampstoel, eetgerei, drinkgoed, kos, braaitang en caserols. Jy is welkom om ook piekniekkos te bring as jy nie lus is vir braai nie.

Ons wil graag lekker sosiaal saam verkeer en mekaar beter leer ken. Moet dit nie mis nie!

As jy nie iemand het om vir jou te braai nie, sal ons mans voorsien wat jou vleis kan braai. As jy nuut is en nog nie baie mense ken nie, kan jy vir Maryna kontak by 082 650 7613.

